deur HENNELIE TYLDSELEY

Franschhoek Bastille-fees

Sit die naweek van 17 en 18 Julie af na Franschhoek om die erfenis van die Franse Hugenote tydens die jaarlikse Bastille-fees te vier. Hierdie geleentheid nooi 'n ieder en 'n elk om Franschhoek rooi, wit en blou te verf.

Die markiestent is van 12:00 tot 17:00 oop waar jy kos en wyn afkomstig van Franschhoek se wynlandgoedere en sjefs kan proe. Ander aktiwiteite sluit Boules, Franschhoek se klopse, kindersokker, vaatjierol en 'n pretdraf in. 'n Plaasmark, musiek en ander vermaak word ook aangebied. 'n Toegangkaartjie kos R100 per persoon wat toegang tot die markiestent, 'n proeglas en boekie met tien proekoepons insluit.

Bel Arielle Robertson by 021 876 2861 vir meer inligting en navrae. Bespreek jou kaartjie by www.webtickets.co.za

Saterdagoggendmarkte

'n Paar oggendmarkte en die nommer wat vir meer inligting gebel kan word:

- Greyton-oggendmark – 028 261 1809
- Groot Brak-uitspanmark – 082 788 2461
- Hermanus-kontreimark – 072 883 3895
- Karkloof-plaasmark in KwaZulu-Natal – 082 851 8649
- Shongweni-plaas-en-handwerkmark in KwaZulu-Natal – 083 777 1674
- Montagumark – 083 494 0661
- Plettenbergbaai Harkervillemark – 084 510 9939
- Ou Tronk-plaas-en-handwerkmark op Riversdal – 084 777 7276
- Wild Oats-plaasmark op Sedgefield – 082 376 5020
- Stanford-Saterdagoggendmark – 028 341 0591
- Stellenbosch-varsgroentemark – 072 922 9311

Mamma Mia

Kom ervaar die wonderlikste, onweerstaanbaarste musiekblyspel met ABBA se tydlose liedjies in die wêreldwye rolprent- en verhoogtreffer *Mamma Mia* wat op Sondag 15 Augustus in die Kunstekaapteater begin. Die produksie is ook van 5 Oktober by Montecasino in Johannesburg te sien.

Kaartjies nou by Computicket te koop

Piekniek op Warwick

Warwick fokus op die samesyn van die gesin en familie. Kom ontspan dus saam met jou geliefdes by hierdie Stellenbosse wynplaas vir 'n gourmet- of kinderpiekniek. Hulle bied ook 'n vegetariese opsie. Volwassenes kan rustig in die pragtige atmosfeer ontspan terwyl klitsies veilig by die speelpark kan baljaar.

Warwick is Maandag tot Donderdag en Sondag tussen 09:00 en 17:00 en Vrydag, Saterdag en openbare vakansiedae tussen 09:00 en 18:00 oop. 'n Wynproe kos R25 per persoon, 'n piekniekmandjie vir drie kos R299, 'n kinderpiekniekmandjie kos R49 en 'n Groot Vyf-safari kos R50 per volwassene en kinders jonger as 12 ry gratis.

Bel 021 884 3144 om jou piek te bespreek

Stellenbosch Wynfees

Een van die Kaap se oudste kos-en-wynfeeste vind vanjaar 'n maand vroeër, van 1 tot 5 Julie plaas om sokkergeesdriftiges die kans te gun om gesogte kelders in die wynland te besoek voor hulle huiswaarts keer. By dié fees word jy met pendelbussies tussen die plase vervoer. Laat jou motor by enige van die parkeerpunte of besoek die inligtingsentrum by Doornbosch om jou toegangskaartjie te koop en klim in 'n pendelbussie om 'n wynplaas van jou keuse te gaan verken.

Daar is meer as 140 wynplase op Stellenbosch om te besoek en kaartjies is aanlyn beskikbaar. Jy kan kies tussen R150 per persoon per dag of R500 vir 'n Gouetoegangskaartjie waarmee jy al vyf dae van die fees kan bywoon.

Bel 021 886 4310 of besoek www.wineroete.co.za vir meer inligting

As daar enige interessante uitstallings, opvoerings of skoue in jou omgewing plaasvind, stuur die inligting na hennelie.tyldesley@absamail.co.za of bel 031 466 4824